

## OORDENKING : OM VRIENDE SOOS DAWID EN JONATAN TE WEES

deur Stephan Joubert (E-Kerk)

Dis nie verniet dat Dawid en Jonatan se vriendskapsverhouding 'n bekende uitdrukking in die volksmond geword het nie. In 1 **Samuel 20** lees ons hiervan. Koning Saul, Jonatan se pa, wou vir Dawid doodmaak. Toe Dawid vir Jonatan hiervan sê, was dit vir hom 'n skok. Terwyl Dawid in die veld weggekruip het, het Jonatan aan die etenstafel agtergekrom dis die waarheid. Saul het vir Jonatan uitgeskel en aangedring dat hy vir Dawid moet gaan haal (1 Sam 20:30-31). Jonatan wou nie. "*Hoekom moet hy doodgemaak word? Wat het hy verkeerd gedoen?*" (vers 32) het hy sy pa gevra.

Saul was woedend toe hy agterkom sy seun se vriendskap met Dawid is so sterk dat hy bereid is om hom teen te gaan. Toe gooi hy Jonatan met sy spies. Gelukkig was dit mis. Jonatan het besef Dawid is in lewensgevaar (vers 33-34). Hy het die volgende môre 'n teken aan Dawid gegee om te vlug. Dawid het sy vriend Jonatan eers omhels. Hulle het bitterlik gehuil, want hulle het geweet hoe kosbaar hulle vriendskap is en dat hulle twee se paaie sou skei (vers 41-43).

### Om 'n egte vriend te wees, vra dat jy deur dik en dun by daardie persoon staan.

Jonatan was bereid om sy pa se woede te trotseer en amper doodgemaak te word om sy vriend se lewe te red. Hy was toe nie 'n mooiweersvriend wat voor Dawid allerhande vroom beloftes gemaak het, net om dit agter sy rug te verbreek nie. **Jonatan het sy woord gehou, al moes hy 'n baie duur prys betaal.**

**Wat kos jou vriendskappe jou?** Ek praat nie van daardie bietjie geld wat dit jou dalk uit die sak haal om saam met vriende koffie te drink of uit te eet nie. Nee, **ek praat van opoffering, gebed en voltydse daarwees.**

Vir wie is jy vandag 'n Jonatan?

### Gebed

Heilige Heer, laat U grootheid vandag oor die ganse aarde gevier word  
Laat U heiligheid sigbaar word oor alle grense  
Laat U liefde ook grondvat in al U kinders se daarwees vir mekaar  
Seën ons vriendskappe  
Verander ons in lojale steunpilare vir ander  
Laat U lig deur ons omgee en hulp helder skyn  
In die Naam van Christus vra ons dit  
Amen

**Mag die Here ons help om ware Jonatan vriende vir ander te wees –  
Ds Leon Tait**



### Laat u wil met my geskied Here, want ek is klaar met myself!

Kan jy ons jaartema onthou? Dit is: *Christus alles in almal!* Hiermee het ons gekies om hierdie jaar, 2011, te fokus op die geestelike groei van elke lidmaat. Ons glo dat God se grootste plan met ons elkeen is om meer soos Jesus te word! Hy wil ons lewe so verander dat Hy die middelpunt van ons hele lewe sal wees. Hy wil vir ons alles in ons lewe wees, want dan sal ons mense wees soos Hy bedoel het nl. mense op ons heel beste!

Die navorser George Barna het met sy jongste navorsing vasgestel dat net ongeveer 2% van belydende christene ooit sover kom dat hul volle oorgawe aan die Here maak, sodat Sy wil belangriker as enigiets anders in hul lewe word. Dit beteken om Sy wil te ken én dit te doen! Talle christene het geloofsekerheid, maar het daarna min gegroei op die pad om meer soos Christus te word. Die grootste rede is onkunde en die tweede rede is selftevredenheid wat hierdie lewensverandering verhoed.

Christenleiers wat oor hierdie onderwerp nagedink het, is dit eens dat die drie mees uitstaande kenmerke van 'n lewe wat ten volle oorgegee is aan die Here die volgende insluit: 1) Die beheer van ons lewe is nou aan Hom oorgegee 2) Radikale liefde vir God 3) Radikale liefde vir ons medemens.

**1) Om afstand te doen daarvan om jou eie lewe te beheer beteken:** Soek in alles Sy wil; Bly in pas met God se wil (Die Here wil nie bewonderaars hê nie maar eerder navolgers wat niks doen sonder Sy leiding nie); Vertrou Hom elke dag volkome vir alles in my lewe. Een van die kerkvaders het dit treffend gestel: *Have your own way with me Lord. I'm over myself.*

**2) Radikale liefde vir God:** Henri Nouwen sê dit so mooi: *die lewe is 'n kort geleentheid om vir God te wys hoe lief ons Hom het.* Wat is die duidelikste bewys van lewensverandering en geestelike groei? Sonder twyfel om God lief te hê met ons hele wese! Iemand wat God so radikaal liefhet se liefde groei in vier opsigte tergelyke tyd nl. verstand, hart, liggaam en gees.. Ons uitdaging is om liefde vir Hom deur al die fassette van ons menswees te wys nl. deur ons verstand('n voortdurende besluit om Hom lief te hê in alle omstandighede), emosies (gebrokenheid oor sonde en innige liefdesverhouding met Hom), liggaam (gedrag wat verander) en gees (openheid vir die werking van die Gees om ons tot groter liefde te inspireer en daarvoor ontvanklik te maak).

**3) Radikale liefde vir mense:** Liefde wat God vra sluit liefde vir mense in. Dit is radikaal want dit moet gewys word met verstand, hart, liggaam en gees! Is ons hart in die liefde vir ons medemens? Gaan dit oor tot dade of praat en dink ons net daaroor? Hierdie liefde het geen uitsonderings nie. Almal wat oor my pad kom, selfs al verdien hul niks daarvan nie. Omdat my lewe aan Hom oorgegee is doen ek wat Hy vra al is dit nie vir my maklik of natuurlik nie. Omdat ek Hom liefhet met my hele wese wil ek oral elke dag ander liefhê of Hom toelaat om deur my lief te hê, soos Hy wil.

God se wil is dat ek Hom eerste liefhet, ander tweede en ek derde!

Watter plek het die Here in ons lewe? Is Hy eerste en alles? Is dit jou begeerte en strewe?

Ds Leon van Heerden



# !! ONTHOU DATUMS !!

- ♦ **8 Aug:** Skoolvakansiedag
- ♦ **9 Aug:** Vakansiedag - Nasionale Vrouedag
- ♦ **19 Aug:** Brood-vir-Nood MootCare funksie
- ♦ **21 Aug:** Gemeente-tee
- ♦ **28 Aug:** Doop

*Sien jou daar!*



**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike.

Kontak Ernst by 083 656 4992

**TUINWOONSTEL** in Rietfontein. 1 Slaapkamer, volledige badkamer, groot kombuis, sitkamer en afdak. Geen diere.

Beskikbaar van 1 Oktober. Kontak 082 457 5925

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadje adverteer! Kontak Ilze 072 111 3100

## c'n anru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemerk om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies



**Naomi**


**082-804-1200 012-331-0015**

## NG Rietfontein-Suid KARNAVAL

In samewerking met KFC Mini-Krieket



**10 SEPTEMBER 2011**  
**TYD: 07:00 TOT 14:00**  
**ADELAAR RUGBYKLUB,**  
**16<sup>DE</sup> LAAN, MEYERSTRAAT**  
**WONDERBOON-SUID**



### AKTIWITEITE:

- ♦ Mini-Krieket, Boeresport, Veerpyltjies, Springkasteel & Glybaan

### STALLETJIES:

- ♦ Kerrie & rys, Worsbroodjies, Jaffels, Slaptjips, Koeldrank, Pannekoek,
- ♦ Spookasem, Vlooiemark Stalletjies, Nagereg, Koek, Koffie & Tee, Ontbyt,
- ♦ Wit Olifant tafel, Popcorn & Skyfies, Gemmerbier & Droëvrugte,
- ♦ Woekerstalletjie en Kindertafel



**Kontakpersoon:**  
**Louisa Neethling @**  
**076 338 7059**

### VAKANSIEVERBLYF: UMHLANGA CABANAS

12 tot 22 September 2011

Selfsorgeenhied, 2 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, groot balkon en aircon. Loopafstand van hoofstrand, ongeveer 3km van Gateway shopping centre.

**Prys: R2500**

Kontak: Mr H Zovitzkey @ 012 997 5558 of 082 471 1973

# W E B W E R F

## RIETFontein-SUID WEBWERF:

Besoek gerus die gemeente se dinamiese webwerf. Daar is 'n klomp nuwe ontwikkelinge om te sien en ontdek.

Hierdie Rietfluit kan ook elektronies afgelaai word.

[rietfontein-suid.ng.org.za](http://rietfontein-suid.ng.org.za)

## PETER SWEISMAN

Ek ontwerp en doen pragtige **STAAL-WERK** volgens jou behoefte en spesifikasies:

- Veiligheidshekke
- Gemotoriseerde Hekke
- Diefwering
- Kunstige Staalheinings
- Blomrakke en Staanders
- Vleisbraaiers
- Afdakke
- Wat ookal



Kontak Peter Dorfling vir 'n kwotasie:

076 713 2167 / 012 331 0952

To God the Glory



# MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

## At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.



*We serve the Community of God*  
Contact us for an interview

**012-331-8274**

[admin@mootchristianacademy.co.za](mailto:admin@mootchristianacademy.co.za)

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16<sup>th</sup> Avenue



# Taakspan vir Omgeegroep

Ons deel graag die volgende getuienis aangaande Omgeegroep:

“Baie dankie dat ons deel kan wees van `n Omgeegroep van Rietfontein-Suid gemeente. Ons het op `n dag besluit om by `n omgeegroep aan te sluit. Ons het Ds Leon van Heerden gebel (die sel nommer in die Rietfluit gekry). Sy antwoord was “wonderlik, julle is baie welkom om by ons groep aan te sluit!”.

Vandag is dit meer as `n jaar later en ons sien elke Woensdagaand uit daarna om saam met ons boeties en sussies in die geloof saam te kom en Jesus se teenwoordigheid en liefde te ondervind. Dit is so wonderlik om daar jou probleme by die werk en in die algemeen te bespreek en hoe om dit te hanteer - Ds Leon se wyse raad te ontvang hoe Jesus dit sou hanteer of hoe Hy sou opgetree het in so `n situasie. Om saam te bid vir die wat probleme of siekte het of sommer in die algemeen vir iemand spesifiek te bid van wie ons gehoor het met wie dit nie goed gaan nie.

Ons woon buite die gemeentegrense en nou voel ons deel van die gemeente en kan ons mekaar groet asof ons familie is wat mekaar lanklaas gesien het.

Word deel van `n selgroep en beleef Jesus se teenwoordigheid en die omgee vir mekaar soos ons dit ervaar. Dit is elke Woensdagaand vir ons `n wonderlike opbouwende ervaring”.

**“EK WAS `N WEGLOOPKIND MAAR IS NOU GEVIND” - Dirk en Suzette Van Den Berg (Omgeegroep - Immergroen Vir Jesus).**



Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591

## GOD REAGEER WANNEER ONS UITROEP

*Kom ons wy ons aan die Here toe, kom ons streef  
daarna om ons aan die Here toe te wy. Die Here sal verskyn,  
so seker as die son opkom, Hy sal na ons toe kom soos stortreën,  
Hy sal ons verkwik soos lentereëns die grond verkwik.  
- Hosea 6:3*

Ek hou daarvan om verse in die Bybel te vind wat my verseker dat God nooit sy verbond met sy kinders sal verbreek nie - so seker as wat die son elke oggend in die ooste opkom, en solank daar lentereën val! Mense, dit is 'n lang, lang tyd. Dit is vir ewig! God sal nooit sy beloftes aan ons verbreek nie.

Ek dink dit beteken dat as God belowe het dat die son elke dag gaan opkom, Hy ons sal antwoord wanneer ek en jy Hom roep. Hy sal nie lentereën wegneem nie. En Hy sal nie ophou om na ons hulpkrete te luister nie. As jy dus na God roep, is daar niks wat jy kan doen wat sal verhoed dat hy jou antwoord nie. Is dit nie 'n seën nie!



Here, ek wil U ken.  
Ek doen moeite om U te leer ken.  
Ek wil U elke dag beter leer ken.  
Ek weet dat terwyl ek nader aan U beweeg,  
U nader aan my sal beweeg en my  
hulpkrete sal beantwoord

*deur Dodie Osteen - KIES LEWE EEN DAG OP 'N KEER*

"The happiest people don't have the best of everything.  
They just make the best of everything. Love generously.  
Care deeply. Speak kindly. Leave the rest to God."

## Rietfontein-Suid Woekerprojekte 2011 15 MEI TO 25 SEPTEMBER 2011

### NAAM & TELL.

### BESONDERHEDE

Leon & Monique Tait 0826014235 & 0829204528	Heerlike Gemmerbier @ R12.00 per 2Lt
Stephan & Ruan - 0829204528	Baba Hamsters @ R15.00
Gerda & Monique 0823388298 & 0829204528	Kraleklasse
Thomas Omgeegroep - 0823729803	Braaihoender en slaai by kerk
Andreas Omgeegroep - 0721202952	Poeding verkope, maandeliks
Arné Oelofse - 0760305222	Jasse
Rudolph de Beer - 012 3300269	Afval-aand. Bespreek nou vir Augustus maand
Yvonne Adlam - 012 3311068	Pannekoek
Hennie du Plessis - 0823775965	Handgemaakte glas Poppies
Koenie Goosen - 084 652 8773	Gesondheidsbeskuit & Karringmelkbeskuit
Johanna Gibson - 012 335 9215 / 083 280 0039	Vetkoekies @ R30.00 Pragtige gehekelde kruisieboekmerke @ R2 & R5



Adverteer u woekerprojek in die Rietfluit Maandblad **gratis**

Kontak Ilze 072 111 3100